

# VRAESTEL VIR HERSIENING

## AFRIKAANS HUISTAAL JUNIE      Vraestel 3 GRAAD 12

Totaal: 100 punte

Tyd: 2½uur

### INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:  
AFDELING A: Opstel (50)  
AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) (50)
2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.
3. **BEGIN ELKE AFDELING OP 'n NUWE BLADSY.**
4. Jy moet jou werk beplan (bv. deur 'n breinkaart/diagram/vloeidiagram/kern-Woorde te gebruik) en jou werk taalversorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
5. **Alle** beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies doogetrek word.
6. Trek 'n streep ná elke afdeling voltooi is.
7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:  
AFDELING A: ongeveer 80 minute  
AFDELING B: ongeveer 70 (2 x 35) minute
8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.
10. Skryf netjies en leesbaar

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye**

**AFDELING A: OPSTEL****VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf 'n opstel van 400–450 woorde.

Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 *Die lewe is 'n fantasiese avontuur!* [50]

**OF**

1.2 Die jeug van vandag is hulle eie grootste vyand. [50]

**OF**

1.3 “*Jy is hierdie lewe gegee om te leef, omdat jy sterk genoeg is!*” [50]

Hierdie woorde moet as inleidingsparagraaf gebruik word.

**OF**

1.4 *Sit skouer aan die wiel!* [50]

**OF**

1.5 **Dié katterigheid was soos vet op die vuur!** [50]

**OF**

1.6 Kies EEN van die volgende visuele prikkels en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die nommer en jou eie titel/opskrif neer.


1.6.1



[50]

OF

1.6.2



[50]

**OF**

1.6.3



[50]

**TOTAAL AFDELING A**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies **TWEE** van die volgende onderwerpe en skryf 180–200 woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

#### 2.1 FORMELE BRIEF: KLAGTE

Mnr. Gawie du Toit is die eienaar van jou dorp/stad se plaaslike privaatpretpark, *Wonderland*.

Jy het verlede week daar besoek afgelê. Die toerusting was onveilig en die netheid van die terrein het veel te wense oorgelaat.

Skryf 'n brief aan die eienaar waarin jy jou klagtes uiteensit. **[25]**

OF

#### 2.2. FORMELE VERSLAG

Jy was 'n getuie waar leerders tydens die eksamen oneerlik was.

Jy is gevra om 'n verslag van die verloop van die gebeure vir die skoolhoof te skryf. **[25]**

OF

#### 2.3. INFROMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Die dae in jou matriekjaar is besig om min te raak en jy besef jy gaan nie meer vir lank onder jou ouers se dak bly nie.

Skryf 'n vriendskaplike brief aan jou ma/pa waarin jy hom/haar bedank vir hulle aandeel in jou suksesvolle skoolloopbaan. **[25]**

**OF**

## **2.4 RESENSIE**

Onderwêreld deur Fanie Viljoen is die nuwe roman wat in graad 12 vir die matrikulante voorgeskryf is.

Skryf 'n resensie vir jou skoolkoerant waarin jy die boek as voorgeskreweboek vir Afrikaans Huistaalleerders in graad 12 evalueer.

**[25]**

**OF**

## **2.5 KOERANTBERIG**

Skryf 'n koerantberig vir die Laevelder met die volgende kop:

**DIT WAS HOENDERVLEISSAKE**

**OF**

## **2.6 HULDEBLYK**

Een van jou klasmaats kan as gevolg van swak gesondheid nie sy skoolloopbaan voltooi nie. Julle klas gee vir hom 'n afskeidspartytjie waartydens jy as klasleier, 'n huldeblyk moet lewer.

Skryf die huldeblyk.

**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

**GROOTTOTAAL: 100**